

## Vrouedag 2019: Wees getrou aan jouself

Internasionale Vrouedag word sedert die vroeë 1900's wêreldwyd gevier, nie net om op die prestasies van vroue te fokus nie, maar ook om te veg vir die gelyke regte van vroue. Alhoewel ons sedertdien groot vordering gemaak het, bly geslagsongelykheid wêreldwyd 'n groot probleem. Dit is 'n globale neiging dat vroue, wat meer as die helfte van die bevolking uitmaak, steeds ondervertegenwoordig is.

In Suid-Afrika word Augustus as Nasionale Vrouemaand en 9 Augustus spesifiek as Vrouedag gevier wanneer ons in Suid-Afrika hulde bring aan die ongeveer 20 000 vroue wat aan die 1956-optog na die Uniegebou in Pretoria opgeruk het om protes aan te teken teen die land se paswette. Involge die Wet op Bevolkingsregistrasie is sommige Suid-Afrikane as "swart" omskryf en moes hulle 'n paspoort, die sogenaamde "pas", dra om verstedeliking te beheer en migrerende arbeid gedurende die apartheidsera te bestuur.

Hierdie maand vier ons alle aspekte van vroue en wil ons hulde bring aan vroue, ongeag hul klas of ras, wat ongesiens dag na dag hul taak onvermoeid vervul. Hierdie vroue is ons helde omdat hulle 'n verskil maak waar hulle hul ook mag bevind. Die enkelmammas wat baie keer meer as een werk het om die pot aan die kook te hou, onderwyseresse wat ekstra moeite vir ander se kinders doen, verpleegsters, polisievrue, gemeenskapsaktiviste wat sóveel vir hul gemeenskappe doen... My lys is nimmereindigend. Daar is duisende vroue wat gebuk gaan onder moeilike omstandighede, maar wat dag na dag hul taak met grasia vervul en suksesvol in eie reg is. Ons as vroue moet die balans handhaaf tussen persoonlike ontwikkeling, kinders grootmaak en die huwelik, en dan nog boonop met mans meeding om die korporatiewe leer te klim. Ons weet dat vroue ander uitdagings as mans het en dat daar juis daarom teen vroue gediskrimineer en hulle opsetlik uit die raadsaal gehou word. Desnieteenstaande het baie vroue op verskillende terreine hoogtes bereik. Vroue speel 'n belangrike rol ter ondersteuning van huishoudings, om inkomste te genereer, na die algemene welsyn van die gesin om te sien en haar regmatige plek in die samelewing in te neem.

Die samelewing vereis van ons om op 'n sekere manier op te tree, 'n sekere voorkoms te hê, korrekte en suiwer taal te gebruik en aan 'n sekere sosiale klas te behoort. Indien jy nie aan hierdie vereistes voldoen nie, is jy vir sekere groepe nie sosiaal aanvaarbaar nie. Dus, die armlastiges, die minderes onder ons, is die uitgeworpenes en word misken. Dis egter verblydend dat die stereotipering – dat vroue se plek in die kombuis is, en dat seuns slimmer as meisies is – stelselmatig afgebreek word. Ons sien dat meer en meer vroue dinge doen wat hulle nooit voorheen toegelaat was nie, en dat vroue daagliks bewys dat hulle tot enigiets in staat is. Ons is dit eens met Michelle Obama wat sê: "Women and girls can be whatever they want. There is no limit to what we as women can accomplish."

Ek dink dat vroue vanaf 'n jong ouderdom geïndoktrineer word om aangenaam, vriendelik en beleefd te wees, ongeag wat hulle toegesnou word. Wanneer 'n vrou haar siening en mening ferm en selfgeldend oordra, word sy as aggressief afgemaak. In baie gevalle, wanneer mans die leiding en voortou neem, word hulle as leiers gesien. Wanneer vroue dieselfde doen, is hulle baasspelerig! Vroue, laat jul stemme hoor!

Dit is belangrik om getrou aan jouself te wees en jou sê te sê. Nie almal gaan altyd van jou hou nie, maar dis heeltemal in orde. Sommige mense sal sê dat jy te eerlik, baasspelerig of oordrewe is: leer om daarmee saam te leef. Ons as vroue, (in die meeste gevalle), is so gretig dat mense van ons moet hou, dat ons selfs bereid is om te verander en iemand te word wat ons nie is nie. Vergeet van die idee dat almal van jou moet hou en dat jy almal gelukkig moet hou. Laat jou stem en jou mening hoor. Hou op om jou te kwel oor hoe ons samelewing van jou verwag om op te tree en leef voluit, net soos jy is en soos ons lieve Vader jou geskape het. Ontdek jou innerlike krag en jaag jou droom na.

Alhoewel dit in ons menslike natuur is om **bemind** te wees en om die vrede te bewaar, kan ons nie toelaat dan mense minder van ons dink net omdat ons vroue is nie. My ma, 'n vrou met 'n sterk persoonlikheid wat nie nonsies van enigiemand vat nie, het ek as voorbeeld gehad. Sy het nooit self die kans gehad wat die hedendaagse vroue het nie, maar maak steeds 'n **verskil** in ander se lewens. Sy het my ook geleer om liefdevol te wees en om vir my **medemens** om te gee, maar nie toe te laat dat mense my minderwaardig laat voel oor die velkleur of my geslag nie.

Ons as vroue is almal gelyk, **ongeg** ons velkleur of **status** – dieselfde uitdagings staar ons almal in die gesig. Dit is nie asof die wêreld 'n vreugdevolle, wonderlike plek vir ons is nie – ons moet nog steeds vir gelyke regte en teen geweld op verskillende vlakke veg. Dus, in plaas van jou te bekommer oor hoe jy oorkom, wees trots op jouself en wat jy tot dusver **bereik** het. Laat jou stem nooit stil raak nie, maar staan op en staan vas vir dit waaraan jy glo! Laat ons die **voorbeeld** en **voetspoor** volg van 1956 se vroue.

Inligting verwerk uit die **volgende bron** deur Estelle Kruger en geredigeer deur Marianne Strydom:

Merlyn van der Reede. Vrouedag 2019: Wees getrou aan jouself.

<https://www.litnet.co.za/vrouedag-2019-wees-getrou-aan-jouself/>



**Kliek op bostaande prent om te sien watter blokkiesraaisels reeds op LitNet gelaa is**

-o0o-

Loer **hier** vir 'n volledige indeks van **hersieningsvraestelle en memo's** wat LitNet bied en wat kan help met voorbereiding vir die eksamen.